SÊ JOU SÊ!

# HERSIENE KONSEPBELEID OP STEDELIKE ONTWERP

Die Stad Kaapstad wag kommentaar in oor die voorgestelde wysigings aan die beleid op stedelike ontwerp (2013). Die beleid op stedelike ontwerp is in 2013 opgestel om die Stad se grondgebruiksbestuurstelsel meer beleidsgedrewe te maak. Ten tye van die goedkeuring van die beleid is aangedui dat die beleidsdoelwitte en -verklarings van tyd tot tyd hersien moet word om te verseker dat dit relevant bly en om veranderinge aan te bring, indien nodig. Na meer as sewe jaar is 'n onafhanklike hersiening begin en aanbevelings voorgestel vir die hersiening van die beleid.

Stedelike ontwerp behels ordeskepping en die bevordering van verhoudinge tussen mense, stedelike ruimte en die omgewing. Die beleid op stedelike ontwerp is gemik op die skep van bruikbare, aantreklike, velige, omgewingsvolhoubare, ekonomies suksesvolle en maatskaplik billike plekke. Goeie stedelike ontwerp streef na plaaslike identiteit en 'n sin van plek, kulturele responsiwiteit en doelgerigte omgewingsinnovering, asook funksionerende stedelike prestasie.

Ingevolge artikel 21 van die Wet op Munisipale Stelsels is die Stad verplig om die publiek te raadpleeg oor alle besluite wat hulle kan raak. Die publiek het die reg om kommentaar oor Stadsbeleid te lewer. Deel van die proses is dat die publiek die geleentheid gebied word om vertoë te rig en/of insette te lewer oor die voorgestelde konsepbeleid op stedelike ontwerp. ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 19 September tot 30 Oktober 2023 kommentaar of voorstelle aan die munisipaliteit voor te lê.

Kommentaar, insette of aanbevelings kan op een van die volgende maniere ingedien word:

- **E-pos:** Public.Participation@capetown.gov.za
- **Aanlyn:** www.capetown.gov.za/haveyoursay
- **Per hand:** By subraadskantore
- **Per pos:** Stedelike beplanning en ontwerp, Kaapstad-burgersentrum, Toringblok, 16de verdieping, 4-kolomkant, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8000

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak Nathan Fisher by 021 400 6686 of nathan.fisher@capetown.gov.za.

Die hersiene konsepbeleid op stedelike ontwerp sal ter insae beskikbaar wees by www.capetown.gov.za/haveyoursay, by subraadskantore en by Stadsbiblioteke.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA109/2023**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**